

# Eenvoud vol emosie tref

**GALERY 101.**

**Uitstalling deur Dumile.**

Die uitstalling tref as die van 'n uiters belowende jong kunstenaar wat reeds sy spore diep in die Suid-Afrikaanse kunswêreld gelaat het, en wat in die jare wat voorlê, nog meer kan verras.

Dumile, 'n 25-jarige Bantoe, is 'n gevoelsmens wat uit sy eie milieu put, en dit op 'n dramatiese manier verwerk.

Sy **Who Will Sing for Me** is 'n tekenstudie van 'n ghitaarspeler. Die veelseggende vertolking is só aangrypend in sy eenvoud, só vol emosie dat dit m.i. die hele kunstenaar en al sy ander werke opsom — 'n hand op 'n ghitaar; maar nie net dit nie.

## **SPANNING**

Daar is soveel spanning in die lynaanwending van hand, ghitaar en figuur dat die hele komposisie vibreer. Weer eens ekonomiseer Dumile en gebruik net die allernodigste vorme.

In **Last Supper** gee hy ons 'n kykie in 'n veranderde wêreld. Hier bring hy die swakhede van die mens uit, maar — só beweer hy — word die mens te midde van sy foute aanvaar en gehelp. Dit is 'n roerende werk met 'n positiewe boodskap.

Die kunstenaar is 'n ernstige mens; 'n persoon wat respek afdwing.

**Anton Richter**